

19 Januarie

Skrifgedeelte: Levitikus 10:1-7 (33/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Levitikus 10:3 (einde) “Maar Aäron het stilgebly.”

Onderwerping aan God se wil

Aäron en sy seuns was van God se mees besondere diensknegte. Moses sê die HERE noem hulle “die wat naby My is”. Van hierdie seuns het egter die HERE se heilige voorskrifte vir die erediens ontheilig met vreemde vuur. Hieroor het hulle gesterf.

Om ’n kind te verloor, bring groot smart. Om egter twee skielik te verloor, veral as gevolg van God se straf, is een van die grootste ellendes wat ’n ouer kan tref. Dit was Aäron se beproewing. Die beker van smart wat hy moes drink. Maar onder hierdie sware kruis het hy stilgebly. As man van God dra hy sy leed in stilte. Die stilte van groot smart, wanneer woorde jou ontbreek. Maar ook die stilte van algehele onderworpenheid aan God se wil, sonder vrae en klagtes. Aäron hou sy mond bewustelik toe, want hy trek nie God se reg en wysheid in twyfel nie.

God handel altyd soewerein en reg en heilig. Hy is die Pottebakker – ons is die klei. Hý gee die lewe; Hý neem dit weer. Hy is reg in al sy weë; nie net wanneer Hy seën nie, ook as Hy straf. Hy maak nie foute nie. Hy ontvlam nie in woede sonder rede nie. Hy laat Hom ken as die Heilige wat eerbied en gehoorsaamheid vra vir die orde en die reëls wat Hy vir sy erediens ingestel het.

Aäron se stille onderwerping wys na die Lam van God wat stom was voor sy skeerders! Met totale onderwerping aan die Vader se wil het Jesus sý bittere lydensbeker gedrink. Só is ons verlos en begenadig met die wete: God straf nie meer dié wat naby Hom is, met die dood nie.

Elkeen wat naby God is, ken Hom in alles wat Hy doen. Hulle weet: ons eer Hom as ons stil word voor Hom! Stil, in totale onderworpenheid aan sy wil, ook in die seer en pyn van die lewe. So leer ons Hom ken as die Heilige, wat ons in ons stille smarte dra en troos en heel maak, en laat uitsien na die beter Vaderland.

Sing: Psalm 39:5 (1936)

Ds JH Cilliers (Reitz)